

**PROFILAKSE FONDS VIR VOORGRAADSE STUDENTE BLOOTGESTEL AAN
NAALDPRIKBESERINGS EN INFЕКTEERDE LIGGAAMSVLOEISTOWWE
FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE, (FGGW), US**

Agtergrond en doel

Met die stygende syfer HIV/VIGS-pasiënte, word die risiko aan HIV blootstelling as gevolg van 'n skerpvoorwerp besering of kontak met infekteerde liggaamsvloeistowwe al groter. Daar is ook 'n baie kleiner maar ook risiko blootstelling aan Sifilis, Hepatitis B en C. 'n Sentrale fakulteitsfonds is gestig waaruit na-blootstelling (PEP) profilaktiese behandeling vir genoemde toestande aan voorgraadse studente in die gesondheidswetenskappe bekostig word.

Fondsinkomste

Inkomste vir die fonds word gegeneer deur elke voorgraadse student wat aan die FGGW geregistreer is. Die fonds sluit ook buitelandse elektiewe voorgraadse studente en Tandheelkunde studente van UWK in. Elk van hierdie studente dra 'n bedrag van R75-00 per jaar per student by (vanaf 2011). Die studenterekenings van genoemde groep studente word eenmalig aan die begin van elke jaar met hierdie bedrag gedebiteer waarna die bedrag dan na die bepaalde kostepunt (R900) oorbetal word. Hierdie bedrag word jaarliks hersien om te verseker dat die fonds volhoubaar bly.

Nagraadse studente word gedek deur Ongevalleversekerings Wetgewing (OVW) waarvoor hulle werkgewer verantwoordelik is. Nagraadse studente wat nie deur die OVW gedek word nie sal wel by die Kampusgesondheidsdiens (KGD) gehelp word op 'n geval tot geval basis.

Fondsaanwending

Studente kwalifiseer vir profilakse volgens die riglyne van die FGGW se KGD, gebaseer op die Tygerberg Hospitaal se departement van Beroepsgesondheid se beleid in die verband. Die profilaktiese behandeling van hierdie student/e word vir die eerste agt-en-twintig (28) dae deur die fonds gedek.

Die standaard behandeling bestaan uit 'n kombinasie van twee middels. 'n Derde middel word slegs by uitsondering in besondere hoë risiko blootstelling gebruik. Betaling vir hierdie middels en toetse sal slegs geskied as dit deur die Tygerberg KGD oorgeskryf en/of die gebruik daarvan deur KGD valideer is.

Alle studente moet bewys lewer van Hepatitis B immunisasie (op eie koste). As Hepatitis B immunoglobulien behandeling nodig is sal dit vir die student se rekening wees.

Beheer van die fonds

Om te verseker dat die fondse korrek aangewend word, word die fonds onder die jurisdiksie van die Visedekaan: Onderrig, in konsultasie met die Direkteur: Besigheidsdienste en die Hoof van die Tygerberg KGD bestuur. Laasgenoemde is verantwoordelik om alle eise te verifieer as te voldoen aan bogenoemde riglyne.

Vertroulikheid

Alle gevalle word met die uiterste vertroulikheid hanteer. 'n Anonieme register word vir bestuurs- en navorsingsdoeleindes bygehou by die Tygerberg KGD.